Raadslede: Gedragskode en pligstaat (Bylae K)

Daar word van raadslede verwag om

1. te alle tye die Missie, Visie en Grondwet van die SABT na te streef en uit te leef;
2. alle Raadsvergaderings soos deur die Grondwet bepaal, by te woon;
3. keuringsdae in die onderskeie provinsies en gebiede ingevolge Bylaes F & G tot die Grondwet te reël, met spesifieke verwysing na die aanbied van keuringsdae;
4. streekverteenwoordigers aan te stel wat met keuringsdae behulpsaam kan wees;
5. administratiewe personeel vir keuringsdae te identifiseer en op te lei;
6. die bekendstelling van die Boerboel in die onderskeie provinsies en gebiede te bevorder;
7. navrae en die oplossing van klagtes te hanteer;
8. leerlingkeurders te identifiseer;
9. die SABT-strukture te respekteer en ’n bydrae tot die subkomitees te lewer;
10. die SABT altyd voorop te stel in alle handelings en optredes;
11. geen kommersiële voordeel uit raadsverteenwoordiging te bewerkstellig nie; en
12. vergewingsgesindheid te openbaar en te alle tye eendragtigheid na te streef.